**Sondag 8 Januarie**
**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 2:6-16**
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 2:12**
**Wedergeboorte: Die wysheid van God deur die Gees geopenbaar**

Die apostel Paulus was diep bewus daarvan dat sy prediking nie deur almal met geloof beantwoord is nie. Tog skryf hy met dank en erkenning aan God: *“Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees”* (1 Kor. 2:4). Oor hierdie geheimenis dat sommige oortuig word, maar dat ander verhard bly, skryf hy dan verder.

Die wysheid wat in opdrag van Jesus Christus verkondig word, verskil van die wysheid van die wêreld. Diegene wat nie ryp is vir die wysheid van God nie, hoor dit, maar word nie oortuig nie. Hulle gaan verlore.

Die wysheid van God is *“die verborge waarheid”* (2:7). Dit is die openbaring van die heerlikheid van God wat uit genade aan mense geskenk word. Hierdie wysheid is in Christus geopenbaar. Hy is die vryspraak, die heiliging en die verlossing wat van God kom (1 Kor. 1:30).

Hierdie insig maak ons tegelyk nederig en dankbaar. Nederig, omdat jy nie iemand se hart en verstand vir die evangelie kan oopmaak nie. Net die Gees van God kan die natuurlike mens se gees binnedring en ontvanklik maak. Die natuurlike mens word deur die Gees weergebore. Anders sou die evangelie vir hom onsin bly, selfs al het hy hoeveel wêreldse wysheid.

Dit maak die getuie vir Christus egter ook diep dankbaar, omdat jy weet dat jy nie vergeefs saai nie. Of jy die evangelie aan jou kind oordra, of aan ’n ongelowige vriend, aan ’n rou heiden of iemand wat in ’n valse godsdiens opgevoed is met ’n haat vir die evangelie – die Gees van God kan daardie persoon wat Hy wil red, tot oortuiging bring. Ons roeping is om getrou en in geloof die boodskap oor te dra *“met woorde wat die Gees ons leer”* (2:13).

*Sing: Psalm 19-1:1, 4*

*Dr. WC Opperman (Callie) (emeritus)*